

# Soek jy 'n fantastiese tutor?

[www.teachme2.com/matriek](http://www.teachme2.com/matriek)



Vertroulik



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2**

**MEI/JUNIE 2024**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 40**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommer van die teks wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vraag aandagtig deur voor jy dit beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: Kortverhale (40)

AFDELING B: Drama (40)

3. Beantwoord die vrae in EEN van die afdelings:

AFDELING A: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

**OF**

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord die vrae oor die drama (*Perdekrag*) wat jy bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A: 90 minute

**OF**

AFDELING B: 90 minute

8. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Kies SLEGS die afdeling wat jy bestudeer het.

**AFDELING A: KORTVERHALE**

**Beantwoord AL TWEE kortverhale.**

<b>VRAAGNOMMER</b>	<b>PUNTE</b>	<b>BLADSYNOMMER</b>
1. " 'n Man kom tuis"	20	4

**EN**

"Die ramp"

20

6

**OF**

2. "Om laaste te kan lag"

20

8

**EN**

"Die geheim"

20

10

**OF**

**AFDELING B: DRAMA**

**Beantwoord slegs die EEN vraag.**

3. <i>Perdekrag</i>	40	13
---------------------	----	----

**AFDELING A: KORTVERHALE****VRAAG 1: KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard  
EN

VERHAAL B: "DIE RAMP" – TT Cloete

**VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS A**

"Dit vat 'n rivier eeue om vir homself 'n lekker pad te maak. Dit vat my 'n maand."

En die ander ding, sê hy, wat so lekker is van pad maak: jy maak dit vir jou medemens. "Jy dien," sê hy. Jy dien jou naaste soos die Bybel sê ons moet. Jy maak dit makliker vir ander mense om by mekaar uit te kom. Kyk nou hierdie pad wat ons vandag ry. Ek het hom help maak. Vandag vat hy my na my vrou en kinders toe. 5 En dis mos wat die Bybel sê – werp jou brood op die water en na baie dae ..."

Die nomadiese kampele bodder hom ook nie.

- 1.1 Waar was Gouws besig om 'n pad te maak? (1)
- 1.2 Waarom is dit moeilik om paaie te maak? Noem EEN rede. (1)
- 1.3 Wie was Gouws se tweede vrou? (1)
- 1.4 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (1.4) en die antwoord neer.

personifikasie;

'n vergelyking;

'n metafoor

"Jy dien jou naaste soos die Bybel **sê** ons moet" in reël 3 is 'n voorbeeld van ... (1)

- 1.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.5) en die letter (A–D) neer.

"Die nomadiese kampele bodder hom ook nie." (Reël 7)

Dit sê vir ons dat Gouws ...

- A baie keer tydens vakansies gaan kamp het.
- B nie daarvan gehou het om in 'n tent te slaap nie.
- C eerder buite die tent geslaap het wanneer hy kamp.
- D nie omgee het om van plek tot plek vir sy werk te trek nie. (1)

1.6 Gouws het die hele tyd met die verteller gepraat.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.6.1 tot 1.6.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.6.1	Die verteller	A	... het die ander kans gegee om eerste te groet.
1.6.2	Gouws	B	... het daarvan gehou om somme te leer.
1.6.3	Petrus	C	... het besef dat dit verkeerd is om mense te oordeel.
1.6.4	Gouws se vrou	D	... het nie daarvan gehou om hard te werk nie.
		E	... het die goeie dinge in die lewe raakgesien.

(4 x 1)

(4)

1.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.7.1 en 1.7.2) en die antwoord neer.

Die verteller kon sien dat Gouws (1.7.1) (hartseer/opgewonde) geraak het toe hulle nader aan die dorp gekom het. Die verteller was (1.7.2) (verbaas/kwaad) omdat Gouws nie by die huis afgelaai wou word nie.

(2)

1.8 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Gouws het huis toe gestap.
- Gouws het sy bagasie uitgelaai.
- Almal het gehelp om Gouws se bagasie huis toe te dra.
- Die hond, die vrou en die kinders het na Gouws toe gehardloop.

(4)

1.9 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Gouws het vir sy vrou 'n nuwe paar kouse saamgebring.

(1)

1.10 Die verteller het nie gewoonlik mense langs die pad opgelaai nie.

1.10.1 Waarom kan ons sê dat die verteller iets goeds gedoen het toe hy Gouws langs die pad opgelaai het?

(1)

1.10.2 Waarom was dit verkeerd van die verteller om te dink dat Gouws dalk nie die waarheid oor sy tuiskoms gepraat het nie?

(1)

- 1.11 Waarom het die verteller aan die einde van die verhaal verstaan dat Gouws se tuiskoms belangrik vir die hele gesin was? (1)
- 1.12 Waarom pas die titel, " 'n Man kom tuis", so goed by die verhaal? (1)

**EN****VERHAAL B: "DIE RAMP" – TT Cloete**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS B**

Ek moes flink ry deur die nag om die volgende oggend betyds op die lughawe in Port Elizabeth te wees om my vrou af te haal as die vliegtuig daar land.

Die kinders het baie gehuil, veral die twee kleinstes. Hulle het almal vas geglo dat hulle ma gaan sterf en dat hierdie terugreis per motor sonder haar die begin van 'n groot komende ramp is. Ek het hard probeer troos en al reisende half ongeduldig gedink: Wat kan mens tog nie tref nie. 5

By Swellendam het die kleinste 'n hoë koors begin ontwikkel. Ek het aspirine gehad en haar van tyd tot tyd daarmee gedokter.

Wat alles kan mens nie oorkom nie.

Die rit was moeilik. 10

- 1.13 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (1.13.1 tot 1.13.4) en die antwoord neer.
- 1.13.1 Die verteller se vrou het siek geword terwyl die gesin in ... met vakansie was.
- 1.13.2 Die dokter het gesê dat die vrou 'n bloeiende ... gehad het en nie met die motor huis toe sou kon ry nie.
- 1.13.3 Die vrou moes huis toe vlieg. Die verteller het gereël dat 'n ... sy vrou lughawe toe neem.
- 1.13.4 Die verteller en sy ... (getal) kinders het met die motor teruggery Port Elizabeth toe. (4)
- 1.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.14) en die antwoord (A–D) neer.
- In reël 1 sê die verteller: "Ek moes **flink** ry deur die nag ..."
- Met hierdie woorde bedoel die verteller dat hy ...
- A onverskillig moes ry.
- B nêrens moes stop nie.
- C vinnig, maar versigtig moes ry.
- D stadig, maar versigtig moes ry. (1)
- 1.15 Op watter dag van die week sou die verteller se vrou op die lughawe aankom? (1)

## 1.16 "Die rit was moeilik." (Reël 10)

Terwyl hulle gery het, het die kleinste 'n hoë koors ontwikkel. Noem nog TWEE dinge wat die rit moeilik gemaak het. (2)

## 1.17 "Wat alles kan mens nie oorkom nie." (Reël 9)

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.17.1 tot 1.17.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.17.1	Die verteller kon nie aspirine op Humansdorp kry nie.	A	Die verteller moes lank vir 'n insleepmotor wag.
1.17.2	Die verteller het 'n steenbokkie raakgery.	B	Die verteller het nie geld gehad om vir die insleepmotor te betaal nie.
1.17.3	Die verteller en sy oudste seun het langs die pad gestaan om hulp te vra.	C	Die motor was sonder water en kon nie verder ry nie.
1.17.4	Die man in die geel Mini-stasiewaentjie het hulp gaan soek.	D	Die verteller moes die laaste ent huis toe jaag.
		E	Mense wat verbygery het, het nie gestop om te help nie.

(4 x 1)

(4)

## 1.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.18.1 en 1.18.2) en die antwoord neer.

Die bestuurder van die geel Mini-stasiewaentjie was 'n ware weldoener. Hy het die verteller en sy gesin gehelp, omdat hy (1.18.1) (omgee vir mense/geld uit mense wou maak). Toe die verteller hom vir sy hulp wou betaal, het hy die geld (1.18.2) (aanvaar/nie aanvaar nie). (2)

## 1.19 Dit was maklik vir die weldoener om die verteller in die nag te help, want die weldoener was alleen.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

## 1.20 Hoe het die verteller gevoel nadat hy die weldoener se bril laat breek het? (1)

## 1.21 Hoe slaag die skrywer daarin om die leser te laat verstaan dat die verteller baie negatief was? (1)

## 1.22 Waarom was dit verkeerd van die verteller om so negatief te wees? (1)

## 1.23 Waarom was dit reg dat die verteller die weldoener wou betaal? (1)

## 1.24 Waarom laat die slot van die verhaal jou hartseer voel? (1)

OF



**VRAAG 2: OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: "OM LAASTE TE KAN LAG" – Chris Barnard

EN

VERHAAL B: "DIE GEHEIM" – J Van Melle

**VERHAAL A: "OM LAASTE TE KAN LAG" – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS C**

... Maar dis te betwyfel of hy ooit vir dié instaanwerkies betaal is, want hy sou sommer oornag weer wegraak sonder dankie of verduideliking.

Vriende had hy baie. Almal in die kontrei het hom geken en by almal was hy welkom. Dit moet hy goed geweet het, want hy sou maklik een oggend uit die bloute opdaag, 'n koppie tee bedel, en dan drie maande bly. Maar gee hy oplaas pad, was al die los werkies in en om die huis wat maande ongedaan gebly het, afgehandel. Die messe was geslyp, daardie stukkende stoel was reggemaak, die agterdeur wat altyd so moeilik toegemaak het, kon weer sluit, die skarniere het nie meer gepiep nie, en die buitekamer se dak sou nie meer lek nie.

Oom Apie was nie lui nie.

5

10

2.1 Noem EEN van die plekke waar oom Apie instaanwerkies gedoen het. (1)

2.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.2) en die letter (A–D) neer.

"... want hy sou maklik een oggend **uit die bloute** opdaag ..." (Reël 4).

Dit beteken dat oom Apie ...

A elke oggend sou gaan kuier.

B by verskillende mense sou gaan kuier.

C sou gaan kuier sonder om te laat weet hy kom.

D net vroeg in die oggende by mense gekuier het.

(1)

2.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.3.1 en 2.3.2) en die antwoord neer.

Oom Apie was (2.3.1) (hulpvaardig/hulpeloos), want wanneer hy by iemand gebly het, het hy baie los werkies daar gedoen. Maar oom Apie was ook onbetroubaar, want hy het maklik (2.3.2) (sy planne verander/van die werk af weggebly).

(2)

- 2.4 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (2.4) en die antwoord neer.

'n vergelyking;	klanknabootsing;	'n metafoor
-----------------	------------------	-------------

Die deur se "skarniere het nie meer **gepiep** nie ..." in reël 8 is 'n voorbeeld van ...

(1)

- 2.5 "Vriende had hy baie. Almal in die kontrei het hom geken en by almal was hy welkom." (Reël 3)

2.5.1 Wat het oom Apie saam met hom gedra as hy so van plek tot plek geloop het?

(1)

2.5.2 Waarom het hy dit gedoen?

(1)

- 2.6 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Oom Apie het gereeld kasterolie gesluk om sy maag skoon te hou en gesond te bly.

(1)

- 2.7 Skryf die volgende gebeure onder mekaar neer in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die jeugliefde het oom Apie probeer oorreed om met haar te trou.
- Oom Apie is in sy slaap oorlede.
- Oom Apie se jeugliefde het met iemand anders getrou.
- Die jeugliefde se ryk man het gesterf.

(4)

- 2.8 Oom Apie het 'n baie groot begrafnis gehad, want almal was lief vir hom.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.8.1 tot 2.8.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.8.1	Oom Apie se familie	A	... het nie van al oom Apie se stories gehou nie.
2.8.2	Die verteller se ouers	B	... het altyd geweet waar oom Apie was.
2.8.3	Die jeugliefde	C	... het vir oom Apie raad gegee oor die situasie toe hy iets moes doen wat hy nie wóú doen nie.
2.8.4	Die vrouens in die omgewing	D	... het geweet hy was anders as hulle.
		E	... het seker gemaak dat oom Apie altyd netjies aangetrek was.

(4 x 1)

(4)

- 2.9      Waarom kan 'n mens verstaan dat oom Apie nie van geld gehou het nie? (1)
- 2.10     Waarom kan 'n mens verstaan dat daar so baie stories oor oom Apie was? (1)
- 2.11     Watter les oor manipulerings leer jy by oom Apie se jeugliefde? (1)
- 2.12     Waarom pas die titel, "Om laaste te kan lag", so goed by die verhaal? (1)

**EN****VERHAAL B: "DIE GEHEIM" – J Van Melle**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**

... As sy nooit hom vra na sy familie in Schouwen en of hy al daar was, het hy altyd gou die gesprek na ander dinge gestuur. Dan het hy gedink aan die woorde van Simson: "My vader en my moeder het ek dit nie te kenne gegee nie, hoekom sou ek dit dan aan jou te kenne gee?"

Hulle is mettertyd getroud en was baie gelukkig. Die Seeuse vroujie was lief, vrolik en goedig. Dikwels as hy sit en werk, het sy stil by hom gesit; hy met sy boeke en sy met een of ander naaldwerk op haar skoot. Dan in die aangename stilte van hul kamer kon sy dikwels in mymering raak, het sy daar lank aanmekaar gesit en staar, haar hande in haar skoot, ver weg met haar gedagtes. 5

- 2.13      VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (2.13.1 tot 2.13.4) en die antwoord neer.
- 2.13.1     Dou en Leune se storie het op een van die ... begin wat van Rotterdam na Kortjeen gevaar het.
- 2.13.2     Leune se ma was met haar ... (getal) kinders op reis.
- 2.13.3     Dou Snoek, 'n jong man wat goed kon ..., was ook op hierdie reis.
- 2.13.4     Dou wou by sy ... in Schouwen gaan kuier. (4)
- 2.14      Noem TWEE dinge wat die kinders gedoen het om die reis vir hulle ma moeilik te maak. (2)
- 2.15      Hoe oud was Leune toe sy vir die seeman geskrik en in die water geval het? (1)
- 2.16      Dou Snoek het nie dadelik in die water gespring om Leune te help nie, want hy was bang.
- Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

2.17 Dou en Leune se geheim het begin toe hulle nog kinders was.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.17.1 tot 2.17.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.17.1	Dou het Leune styf vasgehou om te keer dat sy verdrink.	A	Dou en Leune het getrou.
		B	Leune het nie kêrels gehad nie.
2.17.2	Nadat die mense die twee kinders uit die water gehaal het, het almal aandag aan Leune gegee.	C	Dou het weggegaan sonder dat die mense dit eers geweet het.
		D	Dou het Leune se lewe gered.
2.17.2	Jare later het Dou Leune op 'n sendingfees ontmoet.	E	Dou en Leune het nie geweet dat hulle dieselfde geheim gehad het nie.
2.17.2	Dou en Leune het albei gereeld aan die insident in die water gedink, maar nie daaroor gepraat nie.		

(4 x 1)

(4)

2.18 Hoe het Dou gevoel nadat hy Leune se lewe gered het?

(1)

2.19 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (2.19) en die letter (A–D) neer.

"Dan in die aangename stilte van hul kamer **kon sy dikwels in mymering raak, ...** " (Reël 7 en 8)

Dit beteken dat Leune ...

- A maklik aan die slaap geraak het.
- B in stilte aan haar geheim gedink het.
- C in stilte by Dou was terwyl hy gewerk het.
- D nie gepraat het terwyl sy naaldwerk gedoen het nie.

(1)

2.20 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.20.1 en 2.20.2) en die antwoord neer.

Aan die begin was Dou (2.20.1) (tevrede/ontevrede) as hy gesien het Leune dink haar eie gedagtes. Nadat sy vir hom gesê het sy dink aan haar eerste liefde, was hy (2.20.2) (vies/opgewonde).

(2)

2.21 Waarom was dit verkeerd van Leune se ma om nie uit te vind wie die seun was wat Leune gered het nie?

(1)

- 2.22      Waarom was dit goed vir Leune dat sy as jong meisie so baie gedroom het oor die seun wat haar uit die water gered het? (1)
- 2.23      Waarom kan ons sê dat die verhaal gelukkig vir Dou en Leune geëindig het? (1)
- 2.24      Watter les oor dapperheid leer jy by Dou Snoek? (1)

**TOTAAL AFDELING A:      40**

**AFDELING B: DRAMA****VRAAG 3: PERDEKRAG – Cecilia du Toit**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**

WILMA:	(Sarkasties.) Jy's arm, siestog. So jy mag maar diere mishandel.	
LUCKY:	Jy was nie daar nie. Jy weet niks nie.	
WILMA:	Wat jy gedoen het, was afskuwelik. Jy was wreed, jy was krimineel en jy is gevonniss.	
LUCKY:	(Skree gefrustreerd.) So, nou plant julle my hier by Oom Olifant en my little ponies. Waarvoor hoop julle – julle bleddie bleeding hearts? As ek net eers sien hoe oulik hierdie goed hoppity-hoppity met ryk brats op, dan gaan ek sommer skielik diere LOVE.	5
WILMA:	Die magistraat het gevoel dat jy net nog nooit 'n kans gekry het nie –	
LUCKY:	– en nou dink julle as ek hier rondhang, gaan ek "insig kry in my probleem"? Fat bleddie chance!	10
WILMA:	Die idee is vir jou om te leer. Hierdie perde kan jy nie boelie nie. Hulle sien dwarsdeur jou.	
LUCKY:	(Desperaat.) Wat de hel wil jy hê moet ek doen?	

3.1 "So jy mag maar diere mishandel." (Reël 1)

3.1.1 Hoe het Lucky diere mishandel? (1)

3.1.2 Waar het hy dit gedoen? (1)

3.2 Noem EEN van die ander perde wat saam met Kaizer op Wilma se plaas is. (1)

3.3 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (3.3) en die antwoord neer.

'n vergelyking;	klanknabootsing;	'n metafoor
-----------------	------------------	-------------

"Waarvoor hoop julle – julle bleddie **bleeding hearts**?" in reël 6 is 'n voorbeeld van ... (1)

3.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.4) en die letter (A–D) neer.

In reël 11 sê Lucky vir Wilma: "Fat bleddie chance!"

Met hierdie woorde bedoel Lucky dat ...

- A die ryk brats vir Wilma probleme gaan gee.
- B Wilma nie kans gaan kry om hom te leer perdry nie.
- C hy nie gaan kans kry om met die ponies te werk nie.
- D sy tyd op die plaas hom nie met sy probleme gaan help nie. (1)

- 3.5 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Lucky en sy ma is arm, want mevrou Mhlope kry min geld vir haar werk as onderwyser.

(1)

- 3.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (3.6.1 en 3.6.2) en die antwoord neer.

In reël 5 skree Lucky vir Wilma, want hy is (3.6.1) (ontevrede/opgewonde) om sy gemeenskapsdiens op die plaas te doen. In reël 14 vra Lucky vir Wilma wat sy wil hê hy moet doen, want hy is 'n kind wat (3.6.2) (hulp/werk) nodig het.

(2)

- 3.7 Die verskillende karakters in die drama het almal hulle eie probleme gehad.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (3.7.1 tot 3.7.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.7.1	Binki	A	... se swaarkry het Lucky so kwaad gemaak, dat hy baie verkeerd opgetree het.
3.7.2	Sabrina		
3.7.3	Mevrou Mhlope	B	... het skuldig gevoel omdat Grace geskiet moes word oor iets wat sy verkeerd gedoen het.
3.7.4	Wilma	C	... was so besig dat sy nie tyd vir die belangrikste mens in haar lewe gehad het nie.
		D	... het gesukkel om plek te kry waar Lucky sy gemeenskapsdiens kon doen.
		E	... se persoonlike probleme het haar bang gemaak vir ander mense.

(4 x 1)

(4)

- 3.8 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur.

- Binki het vir Lucky 'n foto van Dukie op haar foon gewys.
- Binki het vir Lucky vertel van Dukie wat in die brand dood is.
- Wilma het vir mevrou Bekker vertel dat Lucky hard gewerk het.
- Lucky het Sabrina se naam op Binki se foon na Ma verander.

(4)

- 3.9 Waarom kan 'n mens verstaan dat Lucky gefrustreerd was? (1)
- 3.10 Waarom was dit reg van Wilma om kwaai met Lucky te praat? (1)
- 3.11 Waarom kan jy respek hê vir die magistraat wat Lucky gevonnissen het? (1)
- 3.12 Waarom laat die dramaturg (skrywer van die drama) vir Lucky soveel Engelse woorde gebruik? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS F

BINKI:	<i>(Lag, maar probeer haar foon by hom gryp.) Nee, man, gee my foon! (Hulle stoei speels om besit van die foon. Lucky bly voor Binki wegdans. Binki gryp in die lug rond. Die spel word al wilder totdat Binki haar foon by Lucky gryp en Lucky haar speels aan die arm beetkry. In haar haas om weg te kom, skeur die een mou van haar bloes heeltemal los. Sy struikel geskok eenkant toe en probeer haar kaal arm met die ander een toehou.)</i>	5
LUCKY:	Hel, ek is jammer. Ek wou nie jou klere skeur nie. <i>(Hy druk die mou lomp teen haar arm terug asof hy dit weer kan aanlas. Hy kyk geskok na die growwe littekens op haar arm.)</i> Wat's daai? Hei? Wat het met jou gebeur? <i>(Binki vlug Kaizer se stal blindelings binne.)</i> Ag nee, moenie huil nie. Ek het jou mos nie seergemaak nie.	10

- 3.13 Waarom wou Lucky Binki se foon vat? Noem TWEE redes. (2)
- 3.14 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (3.14.1 tot 3.14.4) en die antwoord neer.
- 3.14.1 Net voordat Lucky en Binki hier oor haar foon gestry het, was Lucky by Kaizer. Hy wou Kaizer met 'n ... slaan.
- 3.14.2 Kaizer het Lucky gestamp en hy het op die grond ...
- 3.14.3 Lucky het vir Kaizer van die ... vertel.
- 3.14.4 Kaizer het sy voorpoot vir Lucky gelig en sy ... teen Lucky se skouer gedruk. (4)
- 3.15 Wat het Lucky vir Kaizer gegee? (1)
- 3.16 Hoe het Wilma gevoel toe Lucky vir haar sê wat hy vir Kaizer gegee het? (1)
- 3.17 Binki het 'n bloes met lang moue gedra omdat sy koud gekry het.
- Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)



- 3.18 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (3.18.1 en 3.18.2) en die korrekte antwoord neer.

Binki het vir Lucky gevra om haar foon terug te gee, maar hy het aangehou om haar (3.18.1) (bang te maak/te terg). Aan die einde van die drama sien ons dat dit 'n (3.18.2) (positiewe/negatiewe) verandering in Binki se lewe gebring het.

(2)

- 3.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.19) en die letter (A–D) neer.

"Binki vlug Kaizer se stal **blindelings** binne." (Reël 11)

Dit beteken dat Binki ...

- A by die verkeerde stal ingegaan het.
- B eintlik na Tinkerbelle se stal gesoek het.
- C nie langer saam met Lucky wou wees nie.
- D deur die trane nie gesien het sy gaan by Kaizer se stal in nie.

(1)

- 3.20 Die twee kinders het albei op 'n goeie manier verander terwyl hulle op Wilma se plaas was.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (3.20.1 tot 3.20.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.20.1	Lucky het Binki oor baie dinge geterg.	A	Binki het hard gewerk om matriek te slaag.
3.20.2	Na die eerste Saterdag op die plaas het Lucky baie gedink oor alles wat daar gebeur het.	B	Lucky het besef dat hy ander mense seermaak as hy praat sonder om te dink.
3.20.3	Lucky het Wilma 'n "ou dronkie" genoem.	C	Binki het besluit dat sy nie meer haar letsels gaan wegsteek nie.
3.20.4	Lucky het per ongeluk Binki se bloes se mou losgeskeur.	D	Lucky wou by Wilma weet waarom Wilma "soort van community service" gedoen het.
		E	Wilma het vir Lucky gesê om mooi met Binki te werk.

(4 x 1)

(4)

- 3.21 Lucky "*druk die mou lomp teen haar arm terug asof hy dit weer kan aanlas.*"  
(Reël 7 en 8)
- Waarom kan 'n mens verstaan dat Lucky die mou weer teen Binki se arm probeer "aanlas" het? (1)
- 3.22 Die magistraat het gedink Lucky moes 'n kans kry om met diere te werk.
- Waarom kan ons sê dat die magistraat reg was? (1)
- 3.23 Mense wat hartseer is of probleme het, voel beter nadat hulle daaroor gepraat het.
- 3.23.1 Watter les het jy hieroor geleer uit Lucky se gesprek met Kaizer? (1)
- 3.23.2 Watter les het jy hieroor geleer toe Binki met Lucky oor haar ma gepraat het? (1)
- TOTAAL AFDELING B: 40**  
**GROOTTOTAAL: 40**